# Huisgeloof

Protestante

## 1 Omgee

Tydens die Reformasie, is gelowiges vervolg vir hulle geloof en selfs doodgemaak. Hulle het geprotesteer, want hulle het geglo dat elke gelowige die Bybel mag lees en dat niemand vir hulle sonde hoef te betaal nie. Sommige protestante het ook na Suid-Afrika gevlug soos die Franse Hugenote. Ons in die NG Kerk is ook protestante.

**Vertel van 'n keer toe jy moes opstaan teen groepsdruk.**

## 2 Lees

**Lukas 21:12-19**
**Maleagi 4:1-3**

Laai die **DinkJeug Familie App** gratis af vir daaglikse huisgeloof oordenkings.

Google Play:

Apple iStore:

## 3 Gesels

- Lukas vertel van moeilike tye wat voorlê vir christene. Hy belowe egter die Here sal hulle help om te getuig. Wat sal jy sê as iemand vir jou vra: "Wat glo jy?"
- Christene het oor eeue heen volhard. Hoekom dink jy?
- In die Maleagi-teks veroordeel die Here apatiese mense, maar watter belofte gee Hy in vers 2?

## 4 Bid

Vind meer uit oor lande waar christene vervolg word en maak 'n gebedslysie en bid vir hulle.

## 5 Doen

Laai 'n Bybel toep ("app") af vir kinders of tieners met 'n speletjie en speel dit saam.

Luister ook hierdie week na die DinkJeug Familie App en stuur dit aan vir nog 'n gesin.